

**24 UUR**

## **Irvette een van gunsteling vir Spar-titel in PE**

Irvette van Zyl het verlede jaar die harte van die toeskouers in Port Elizabeth verower toe sy die Spar-vrouewedloop oor 10 km op indrukwekkende wyse gewen het.

Dit was die eerste keer nā verskeie pogings dat Van Zyl diē wedloop in die Baai kon wen.

Mōre is sy weer een van die gunsteling om die wedloop te wen. Sy kan egter sterk teenstand van Louisa Labello, Kesa Moletsane, Mapaseka Makhanya en Lebogang Palula ver-

wag. Labello het in April die Spar-wedloop in Kaapstad gewen, met Moletsane tweede en Van Zyl derde.

Moletsane het die 5 000 m by die Suid-Afrikaanse kampioenskap in Potchefstroom gewen. Sy het verlede week ook die 5 000 by die SA Studentekampioenskappe gewen.

Dit wedloop begin om 07:00 op die hoek van Marine-rylaan en Strandstraat by Pollokstrand. 'n Pretloop oor 5 km word om 08:00 ook daar afgesit. — **Sportredaksie**